21 Gebede

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Hanna se gebed

## 1 Samuel 2:1-10

*Hanna se gebed is 'n geloofsbelydenis en skuldbelydenis in een – wat uitstekend pas by die destydse nood van Israel. Sy glo en vertrou dat net God situasies kan verander.*

*In hierdie gebed vra sy niks vir haarself nie. Maar God gee op die ou end vir haar wat sy so innig begeer – die seun Samuel!*

*Hanna se gebed is slegs 'n dank- en aanbiddingslied waardeur God in sy grootheid en genade herontdek word; dit bevat geen versoek nie.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte.*

*Ja, gebed help jou om te besef: God is God, en jy is 'n mens – wat van Hom afhanklik is. (Bybel 24/7)*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

21 Gebede

# Hanna se gebed

Hanna het in die tempel gebid. Is dit vandag vir ons as Christene nodig om na 'n spesifieke plek te gaan om in God se teenwoordigheid te wees?

Hanna het ook die regte gebedshouding gehad: Sy was ingestel op God. Hoe kan jy meer ingestel op God bid en leef?

Hanna het ook gebid vir die regte uitkoms: Ons kan enigiets van die Vader vra, maar dit moet om sy eer gaan en met 'n nederige ingesteldheid saamgaan. Watse uitkoms vra jy vandag vir die Here?

Hanna het ook die Here met 'n dankbare hart geprys vir die uitkoms van die gebed. Sy het haar afhanklikheid aan God bely en aan Hom die eer gegee. Waarvoor eer jy God vandag?